• Dit was prof. Chris en sy Karin se sprokiestroue – en sý was . . .

DIE MOOISTE, MOOISTE BRUID!



DIE BRUIDEGOM

Deur ROELOF VORSTER: Kaapstad

DIE bruidegom het gehou van wat hy gesien het, want sy was die mooiste, mooiste bruid!

En dit was die troue van die jaar toe die hartpionier, prof. Chris Barnard, en die pragtige mej. Karin Setzkorn mekaar gisteraand in Kaapstad die regterhand gegee het.

Sy was asemrowend getooi in 'n eenvoudige, treffende wit trourok sonder sleep.

Ongeveer 140 uitsoek-gaste was getuies van hierdie plegtigheid waar die seël geplaas is op 'n vriendskap wat oor vyf jaar gegroei het. Die huwelikseremonie was in prof. Barnard se La Vita-restaurant in Nuweland.

Karin het om half-agt haar verskyning in die arkade van die winkelsentrum by die restaurant gemaak, aan die arm van haar pa, mnr. Freddy Setzkorn.

Die rooi tapyt was uitgerol, en met die klanke van die troumars het sy in die rigting van haar bruidegom gestap terwyl sy vriendelik vir die gaste geglimlag het.

Prof. Chris, immer pynlik netjies, was uitgevat in 'n swart aandpak. Hy het hom by Karin aangesluit waarop 'n huisvriend, vader Tom Nicholson, hulle in 'n kort seremonie in die huwelik bevestig het.

"Gee mekaar die regterhand," was die woorde waarna die twee al so lank uitgesien het. Prof. Chris het 'n fyn

Errol Arendz vertel op bl. 12 hoe hy Karin se rok ontwerp het en dit 320 uur gekos het om te maak. Kyk ook die prag-foto's.

die huweliksregister geteken en fotograwe die geleentheid gegee het om fotos te neem.

Dit was 'n uithang-geleentheid soos min. Sowat van aantrek het die Kaap lank laas beleef. Die troue was formeel en veral die vroue het van die geleentheid gebruik gemaak om in die allermooiste uitrustings te pronk. Baie het spesiaal nuwe uitrustings vir die troue by van die bekendste mode-ontwerpers laat maak.

Die kleredrag was formeel, maar die geleentheid ná die plegtighede informeel en gesellig. G'n lang toesprake

nie; prof. Chris het net 'n kort toesprakie afgesteek, soos wat enige bruidegom verwag word, en daarna is gekuier en makietie gehou.

Geen moeite is ontsien om van dié troue 'n spog-geleentheid te maak nie. Twee groot blommeruikers het die ingangsportaal versier, terwyl ruikers in groot potte die lokaal kleurryk versier het. Op elk van die sewentien tafels was ook 'n ruiker in pienk en wit met kerse in die middel. Al die ruikers is deur mev. Lizzy Jacobs gemaak wat ook die rangskikkings vir Karin se 21ste verjaardag gedoen het.

Die tafels was keurig gedek in pienk met die servette in vrolike waaiers gevorm.

'n Bruid word getooi . . .

KARIN se haarkapper Liz Kaplan, versorg haar heuningblonde hare. Haar ma, mev. Anna Setzkorn, kyk tevrede toe.

'N MOOI gesiggie word nog mooier gemaak. Hier word appelkooskleurige lipstiffie vir Karin aangesit.

DIE laaste bietjie afronding word gedoen voordat Karin se groot oomblik gisteraand aangebreek het.

DIE Grace Kelly-voorkoms van die jare vyftig. Karin se hare is agter saamgebind in 'n ronde chignon.